# OOM SONNIE SE STUKKE



**HI, SONLANDERS!**
**Geniet gerus nou die vierde hoofstuk van ESME CUPIDO se jongste vervolgverhaal, "Oorwinning oor Wraak".**



# Debbie wil hê dat Henry moet boet vir Craig se dood

DIT is doodstil in die begraafplaas.

Sy het juis vandag, Vrydagmiddag, gekies om te kom voor die rush van begrafnisse op 'n Saterdag en Sondag.

Debbie staar oor die hope grafte uit. Craig is in die ouer deel langs sy ma begrawe.

Sy kyk na die vier sonneblomme en dink daaraan hoe lief Craig daarvoor was om vir haar 'n bossie sonneblomme te bring.

Hy het altyd gesê met die sonneblomme wys hy sy waardering vir haar, dat hy haar bewonder en haar liefhet.

Dat sy die son in sy lewe is, sy lig. Vandag simboliseer die sonneblomme hartseer.

Sy stap tussen die rye deur en sien van ver af iemand by Craig se graf sit. Sy kon nie uitmaak wie dit is nie, tot sy agter hom is.

Henry Edwards. Hy het duidelik van die werk af hierheen gekom, sy blou broek is vaal van die stof.

Sy wil eers omdraai, toe pak 'n woede haar beet. Wat soek hy hier? Nee, sy wil die blomme op Craig se graf sit.

## Geheim hou

Maar sy besef hy gaan wonder hoe sy vir Craig ken, en die waarheid wil sy vir eers geheim hou.

"Meneer Edwards," sê sy stram.

Hy kyk om en staan verras op. Hy vee die grond van sy hande af. "Middag. Die juffrou wat speelgoed verkoop. Jy kom soek sekerlik nie kopers hier nie," probeer hy 'n grappie maak.

"Nee," sê sy vies. Sy kyk na haar linkerkant. "Ek kom na my antie se graf toe. Ant Delia Adams," lees sy die naam op die marmer. Wat maak u hier?" vra sy krities.

"Ek het 'n paar blommetjies op hierdie jong man se graf kom sit," sê hy stug.

"Familie?"

Hy skud sy kop sonder om uit te brei. "Kom ek help om die blomme in 'n houer te sit vir jou antie." Hy buk en tel 'n houer op, gooi die blomme uit wat eeue gelede verdor het. "Gee."

Sy wil eers nie, maar besef dit gaan snaaks lyk. Hy rangskik die blomme met sorg en sit dit teen die marmersteen.

"Jou antie is in 1955 oorlede. Het jy haar geken? Jy lyk beswaarlik ouer as 20."

"Het jy die jong man geken?" vra sy en beduie nou met ergernis na Craig se graf.

Sy gesig word somber. "Kom ons gaan drink koffie by 'n restaurant hier naby, dan vertel ek jou," nooi hy.

Toe hulle regoor mekaar in die restaurant sit en die kelner hulle bestelling geneem het, sug hy en kyk haar ernstig aan. "Onthou jy die man by wie jy jou e ... goed kom verkoop het? Oom Haantjie is sy naam. Die jong man was sy seun ... ek het sy dood veroorsaak."

Die bekentenis was so skielik dat haar gesig verstar. Dis moeilik om nie haar emosie te wys nie. Nie te wys hoe hatig sy voel nie.

> "Dis Craig se moordenaar, wat voor haar sit, wat haar lewe vernietig het"

" Hoe so?" wurg sy die woorde in 'n fyn stem uit.

"Dit het alles so vinnig gebeur, maar ... ek weet nie of ek dit ooit sal vergeet nie." Hy vee oor sy oë en toe hy weer na haar kyk, sien sy die pyn in sy oë.

"Ek het in die straat afgery, die volgende oomblik het ek hom oor die straat sien stap, hy't net skielik agter 'n ander kar te voorskyn gekom. Ek was op hom ... ek het gehoot en rem getrap, maar ... hy was te naby. Ek het net die siek slag gehoor ..."

Hy haal sy sakdoek uit en vee oor sy gesig en sy sien daar is klammigheid rondom sy oë.

Haar hart versag 'n oomblik, maar sy ruk haar haar reg. Dis Craig se moordenaar wat hier voor haar sit. Hy het Craig se lewe geneem en haar lewe vernietig.

Die kelner sit die koffie voor hulle neer en sy gooi vier sakkies suiker in, sy het die soet nou nodig.

"Maar jy kon sekerlik uitgeswaai het," sê sy kwaaier as wat sy besef, maar dit lyk nie of hy haar stemtoon agterkom nie. Hy het 'n veraf kyk in sy oë, asof hy die gebeure weer voor hom sien.

"Daar was nie uitswaaiplek nie. Dit is 'n baie nou straat met karre wat langs die pad geparkeer staan. Toe ek uitklim, het hy in die pad gelê. Ek onthou die bloed. Dit was dadelik daar. Die bloed het oral uitgesyfer. Ek het sy pols gevoel.

"Mense het nader gekom, iemand het die polisie en die ambulans gebel ... toe ek weer sien, was hulle daar. Toe ek later uitvind by watter hospitaal hy opgeneem is, was dit te laat. Hy was klaar ... As ek die dag kon oorhê ..."

Toe Debbie die namiddag by die flat kom, voel sy emosioneel gedrain. Sy gaan lê op 'n klein hopie op die bed. Die trane loop vanself. Sy stamp met haar vuis op die matras.

Sy wil hom nie jammer kry nie! Sy wil nie.

Hy het Craig van haar weggeneem. Hy moet boet vir wat hy gedoen het.

Later, toe daar niks meer trane oor is nie, lê en staar sy na die plafon. Dit was 'n ongeluk, Debbie. Craig het voor hom ingestap. As Craig eers sy oorfone opsit, dan kon die wêreld maar vergaan.

Sy onthou een oggend het Craig opgestaan om vir hulle ontbyt te gaan maak. Sy het op haar selfoon na TikTok-video's gekyk en eers later besef sy ruik 'n skerp brandreuk. Sy het na Craig geroep, maar hy het een of ander liedjie geneurie.

Toe sy in die kombuis kom, moes sy blitsvinnig die pan van die stoof afruk, die inhoud was houtskool verbrand. Craig het in 'n sonkol in die sitkamervenster gesit en denkbeeldige tromme gekap terwyl hy toe-oë musiek luister.

## Sweetie Pies

Sy het hom teen die oorfone gewaarsku, gesê hy moet altyd bewus wees van sy omgewing wanneer hy die goed dra.

Die Sondag besluit sy om by ant Mollie 'n draai te gaan maak. Vir in geval, vat sy die sak hekelgoed saam. Op pad koop sy vrugte en twee Sweetie Pies vir Tollie.

Toe sy op die stoep kom, hoor sy 'n gelag en 'n gewoel. Nadat sy geklop het, kom maak ant Mollie die deur laggend oop.

"Haai, het Juffrou nog goete om te verkoep? Kom in. Ek gat gou vi' Kleintjie roep en vi' Queenie hie' langsaan. Ma' Queenie likes op skuld koep. Los ma' vi' ha'. "Kleintjiee! Kom kyk hiesa, bring vi' Ousie saam en bring julle se beursies!" roep sy kliphard.

Die katte hardloop voor haar uit sitkamer toe. In die deur bly sy staan. Tollie en Phillie, Henry se broer en sy dogtertjie, is besig om pophuisie te speel.

Hulle elkeen sit met 'n pop op die skoot en is besig om hulle dood te lag.

Phillie kyk op en kom met oop armpies na Debbie aangehardloop. "Kyk my mooi poppie."

Tollie glimlag van oor tot oor. "Het jy Sweetie Pies gebring?"

Debbie buk by Phillie en haal die lekkers uit. "Kom haal joune, Tollie."

Hy kom nader en slaan sy arms lomp om haar lyf. "Dankie."

Sy het wraak gesoek, maar nie geweet wat sy gaan kry nie.

■ Lees môre verder

**Wat dink jy van hierdie storie? Enige voorstelle? SMS na 32369**

IS U OF IEMAND WAT U KEN BESEER IN 'N MOTOR VOERTUIG ONGELUK? INDIEN U HULP NODIG HET, KAN ONS HELP.

Kontak KRUGER & KIE PROKUREURS op 021 930 5530 of WhatsApp 0634964253 om 'n gratis konsultasie te reël.

Ons werk op 'n geen sukses - geen fooi basis!

Geen prokureur en kliënt verhouding bestaan alvorens daar 'n ooreenkoms tussen die partye onderteken is nie.

SUKKEL U OM DIREK VAN DIE PADONGELUKKEFONDS TE EIS?

Ons kan help om toe te sien dat u 'n behoorlike uitbetaling ontvang. Ons kan u bystaan om 'n Sassa toelaag te kry terwyl u wag

Kontak asseblief KRUGER & KIE PROKUREURS op 021 930 5530 of WhatsApp 063 496 4253 om 'n gratis konsultasie te reël

Ons werk op 'n geen sukses-geen fooi basis.
Geen prokureur en kliënt verhouding bestaan alvorens daar 'n ooreenkoms tussen die partye onderteken is nie.